University of Pretoria etd – Reyneke, C J S (2005)

# ‘n Prakties-teologiese narratiewe navorsing van die aanpassingsproses van ‘n gesin wat van Suid-Afrika na Nieu-Seeland verhuis het.

deur

**Coenraad Jacobus Stephanus Reyneke**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes

vir die graad

**Philosophiae Doctor**

in die Fakulteit

Teologie,

Universiteit van Pretoria.

Oktober 2004

Studieleier: Prof. Julian Müller

## *Opsomming*

# ‘n Prakties-teologiese narratiewe navorsing van die aanpassingsproses van ‘n gesin wat van Suid-Afrika na Nieu-Seeland verhuis het.

deur Coenraad Jacobus Stephanus Reyneke

Studieleier: Prof. Julian Müller

Departement: Praktiese Teologie

Graad: Philosophiae Doctor

Hierdie navorsing begin met ‘n ondersoek na postmodernisme en sosiale konstruksionisme. Postmodernisme as paradigma van die 21ste eeu het ‘n invloed op ons lewens asook op die manier waarop hierdie navorsing gedoen is. Daar is gepoog om die ontwikkelingslyn van modernisme (en daarmee saam die pre-moderne) en postmodernisme aan te dui. Vervolgens is daar ‘n opsomming van ‘n postmoderne perspektief op die werklikheid (realiteit) en die praktiese gevolge van postmodernisme. Sosiale konstruksionisme beklemtoon die feit dat diskoerse en ook die self sosiaal gekonstrueer word en is gevolglik konteks, tyd en plekgebonde.

Sosiale konstruksionisme lei tot vrae t.o.v. die normatiewe rol van die Bybel in hierdie studie en ook in ‘n postmoderne samelewing. ‘n ‘Sirkel van sirkels’ en ‘n ‘vergadering’ as metafore wat ‘n die toepassing van die Woord in postmoderne konteks kan fasiliteer, word ondersoek. Die konstruerende gemeenskap bepaal die normatiewe rol wat die Bybel speel. Die gawe, God en die gemeenskap is belangrike konsepte in postmodernisme en die Christelike geloof en kan dus sinvol gebruik word tydens kommunikasie met die postmoderne mens.

Narratiewe navorsing binne Praktiese Teologie neem prakties-teologiese wysheid ernstig op en sien dit as ‘n legitieme en ryk bron van kennis en ‘n beter verstaan van sekere ervaringe binne ‘n spesifieke konteks.
Hierdie studie gebruik ‘n Postfundamentele Praktiese Teologie (“Postfoundationalist Practical Theology”) as ‘n raamwerk vir die doen van narratiewe navorsing.

University of Pretoria etd – Reyneke, C J S (2005)

Die aanpassingsproses van die Vermaak[1] gesin as gevolg van ‘n migrasie van Suid-Afrika na Nieu-Seeland is nagevors.

Eerstens is konteks ondersoek. Nieu-Seeland/Aotearoa, Hawera (die dorp waarin hulle bly) en hulle gemeente (“Baptist Hawera”) is as konteks van hierdie gesin beskryf. Die navorser se eie konteks is ook in ag geneem as ‘n poging om subjektiewe integriteit te vestig.

Tweedens is die ervarings van die Vermaaks beskryf net voor hulle getrek het tot ongeveer ‘n jaar nadat hulle in Nieu-Seeland aangekom het.

In samewerking met die gesin is daar vervolgens gepoog om hierdie ervarings te interpreteer.

Dit lei tot die vierde deel van die navorsing: die interpretasietradisies (diskoerse) wat hulle aanpassingsproses beïnvloed het word beskryf.

Vervolgens is eerlik gepoog om die gesin se ervaring van God se teenwoordigheid gedurende hierdie ingrypende ervaring van hulle lewens, te verwoord.

Daar is gepoog om die interpretasieproses uit te brei en te verryk deur toepassing van interdissiplinêre insigte uit die sielkunde.

Laastens is daar gewys op enkele insigte wat van waarde en sinvol mag wees wyer as die navorser en die medenavorsers.

‘n Bewustheid van en kennis aangaande postmodernisme en sosiale konstruksionisme (die paradigmas van die 21ste eeu) maak dit makliker om ervarings te interpreteer en te verstaan. Insigte in narratiewe konsepte is waardevol binne die konteks van die aanpassingsproses na ‘n oorsese verhuising. ‘n Aktiewe Christelike geloof bied ‘n stabiele identiteit wat bydra tot ‘n sinvolle en suksesvolle aanpassingsproses.

Sleutelterme: Postmodernisme
Sosiale Konstruksionisme
Skrifgesag
Prakties-teologiese Wysheid
Narratiewe Navorsing

[1]Skuilname is gebruik ter wille van vertroulikheid.

University of Pretoria etd – Reyneke, C J S  (2005)

Verhuising na Nieu-Seeland

Aanpassing

University of Pretoria etd – Reyneke, C J S (2005)


***Summary***

**A Practical Theological narrative research of the adaptation process of a family that moved from South Africa to New Zealand.**

by Coenraad Jacobus Stephanus Reyneke

Supervisor: Prof. Julian Müller

Department: Practical Theology

Degree: Philosophiae Doctor

This study sets of by investigating postmodernism and social constructionism. Postmodernism as 21st century world view (paradigm) influences everything in our lives, including the perspective from which a study is conducted. An attempt is made to follow the development of modernism (and with it the so-called pre-modern) and postmodernism. This culminates in a summary of a postmodern perspective on reality and the practical consequences of postmodernism.

Social constructionism emphasises the reality that discourses and even the self is socially constructed and therefore dependent on context, time and place.

Social constructionism leads to questions about the normative role of the Bible in the study and a postmodern society. The metaphor ‘a circle of circles’ and ‘a meeting’ are employed to describe the application of God’s Word in postmodern context. The constructing community determines the normative role of the Bible. Concepts such as the gift, God, and community are central concepts with regard to postmodernism and Christianity, and can therefore be useful during communication of the gospel to postmodern people.

Narrative research in the field of Practical Theology assumes practical theological wisdom (knowledge) of people to be a legitimate and rich resource for knowledge and understanding of certain experience within a certain context.

This study employs a Postfoundationalist Practical Theology as a framework for narrative research.

The adaptation process of the Vermaak[2] family as result of a migration from South Africa to New Zealand was researched.
The first movement of the of the framework explores context. New Zealand/Aotearoa, Hawera (the town they settled in) and the family within their parish (Baptist Hawera) is described as the context. The researcher's own context is also taken in consideration as an attempt to establish subjective integrity.
The second movement describes the experiences of the Vermaaks just before and approximately a year after their move to New Zealand.
During the third movement the experiences are interpreted in collaboration with co-researchers.
Traditions of interpretations (discourses) that influenced their process of adaptation is described in the fourth movement.
The next step was an attempt to honestly structure the family's experience of God's presence during this significant event in their lives.
Insight from interdisciplinary investigation, mainly into psychology, is used during the sixth movement to further enrich and thicken understanding of the process.
Lastly a few insights were formulated that may be useful beyond the researcher and co-researchers.

An awareness and knowledge of postmodernism and social constructionism (the current 21st century paradigms) facilitates interpretation and understanding of experiences. A thorough grasp of narrative concepts is helpful to the process of adaptation after an overseas move. An active Christian faith provides a stable identity which contributes to a meaningful and successful adaptation process.

Keywords: Postmodernism
Social Constructionism
Authority of Scripture
Practical Theological Wisdom
Narrative Research

[2]Pseudonyms are used to protect the co-researchers

University of Pretoria etd – Reyneke, C J S  (2005)

Move to New Zealand

Adaptation

# ERKENNINGS

Met voltooiing van hierdie navorsingstuk ervaar ek ‘n opwelling van emosies. Dankbaarheid staan sentraal. Hiermee wil ek erkenning gee aan elkeen wat bygedra het daartoe om hierdie navorsingsverslag moontlik te maak.

Regdeur het ek die teenwoordigheid van ons Here op ‘n besondere manier ervaar. Ek is intens bewus van die invloed wat die insnyding van God se Verhaal op die verhaal van hierdie navorsing gehad het, en ook op my lewensverhaal gehad het, het en sal hê. Met groot dankbaarheid erken ek die bydraes van baie mense tot my geloofsvorming en my huidige verhouding met God - waarvan die bydraes van my ouers, Josua en Rina, en my ouma, Sannie Reyneke, die prominentste is.

As lewensmaat het Anél persoonlike opofferings gemaak om hierdie studie vir my moontlik te maak. Dankie vir jou motivering om hierdie verhaal (navorsingsverhaal) te begin, dat jy nog altyd in my geglo het en my ondersteun het. Dankie dat ek ons verhaal kan deel maak van die navorsingsverslag. Jy is ‘n besondere mens en ek is bevoorreg dat jy jou lewe met my deel.
Die feit dat jy ook bereid was om alleen verantwoordelikheid vir ons inkomste te aanvaar die afgelope jaar en ‘n half word opreg waardeer.

Marizanne, Carinda en Bernard was drie jaar gelede opgewonde oor die nuus dat pappa ‘n boek wil skryf. Hulle was bereid om die eise wat dit aan hulle sou stel te aanvaar. Baie dankie vir julle geduld met my en julle verstaan wanneer ek nie my volle aandag en meer tyd aan julle kon gee nie. Julle is baie besonders.

Die ondersteuning en aanmoediging van my moeder (Rina) het ‘n praktiese vorm aangeneem toe sy minder klere kon inpak om in Nieu-Seeland by ons te kom kuier - sy het meer as sewe kilogram se boeke en artikels saamgebring. Dankie mamma vir jou voorbidding, betrokkenheid, hulp en daar wees. Dankie vir jou ondersteuning Deon.

Hierdie praktiese meewerk het oorgevloei op my skoonmoeder (Kobie Hattingh) en my skoonsuster (Hannelie Heymans) wat die bronne weer stuk-stuk terug vervoer het na hulle kuiers. Ma se voorbidding, belangstelling en aanmoediging word opreg waardeer.

Ek sal moeilik genoeg erkenning kan gee aan my medenavorsers. Wessel en Alet, Adriaan, Deon en Janet, dankie dat julle my op julle heilige grond toegelaat het. Dankie vir julle vertroue, julle openhartigheid en eerlikheid. Dit was 'n voorreg om saam met julle te dink oor julle verhaal en te help met die hervertel daarvan. Julle verhale inspireer.
Graag verleen ek erkenning aan die insette wat die Vermaaks gelewer het en die baie ure wat hulle spandeer het om hulle verhaal neer te skryf en te vertel en as medenavorsers te help met die opteken en interpretasie daarvan.
Julle is 'n baie spesiale gesin met 'n sterk getuienis.

Professor Julian Müller was beide die katalisator en die fasiliteerder vir hierdie studie. Dit was 'n verrykende ervaring - dankie.

Thea Heckroodt en die res van die span van die eerste vloer van die Universiteit van Pretoria se biblioteek was baie behulpsaam en het dikwels meer al hul plig gedoen. Sonder julle hulp sou dit byna onmoontlik gewees het - baie dankie.

Met groot dank en waardering gee ek erkenning aan Menanteau van Vliet van Auckland. Dankie vir baie ure se taalversorging en besondere manier waarop jy dit gedoen het. Dit dra by tot die gehalte van hierdie studiestuk.

Hierdie navorsing is verder moontlik gemaak deur 'n beurs wat deur die Universiteit van Pretoria aan my toegeken is. Hierdie hulp word met dank erken.

I would finally like to acknowledge the skill and friendly helpfulness of Alan Wright. Thank you for the neat binding.

# INHOUDSOPGAWE


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | NAVORSINGSNARRATIEF | 1 |
| 1.1 | Persoonlike narratief - Begin en Verandering | 2 |
| 1.2 | Posisionering van Navorsing | 6 |
| 1.3 | Metodologiese Oriëntasie | 10 |
| 1.4 | Naspeuring van 'n Verhaal | 14 |
| 1.4.1 | Uitnooi van Medenavorsers | 14 |
| 1.4.2 | Dataversameling | 16 |
| 1.4.3 | Strukturering van Data en Skryf van die Verslag | 17 |
| 2 | POSISIONERING | 20 |
| 2.1 | Postmodernisme | 20 |
| 2.1.1 | Inleiding | 20 |
| 2.1.2 | Die Premoderne en Modernisme | 22 |
| 2.1.3 | Postmodernisme | 29 |
| 2.1.3.1 | Postmoderne Denkers | 31 |
| 2.1.3.2 | Realiteit/Waarheid | 49 |
| 2.1.3.3 | Opsommend | 52 |
| 2.1.3.4 | Gevolge van Postmodernisme | 56 |

University of Pretoria etd – Reyneke, C J S  (2005)


2.2 Sosiale Konstruksionisme 66

2.2.1 'n Definisie 67

2.2.2 Die Rol van Taal 68

2.2.3 Diskoers 71

2.2.4 Die Self 72

2.2.5 Mag en Persoonlike beheer 78

2.2.6 Kritiese Beoordeling van Sosiale Konstruksionisme 81

2.3 Teologiese Begronding 88

2.3.1 Teologie en Praktiese Teologie 89

2.3.2 Woord 95

2.3.2.1 Woord en Teologie 97

2.3.2.2 Woord en Gesag 100

2.3.2.3 Woord en Gees 105

2.3.2.4 Postmoderne Woordgebruik 108

2.3.3 Die Gawe 117

2.3.4 God-drie-enig 123

2.3.5 Die Gemeenskap 127

2.3.6 Christelike Geloofsgetuie 129

2.3.7 Voetsoolvlak 130

3 METODOLOGIESE ORIëNTASIE 132

3.1 Ontwikkelinge in die Praktiese Teologie 132

University of Pretoria etd – Reyneke, C J S (2005)


3.2 Prakties-teologiese Wysheid 142

3.2.1 PRAKTIES-teologiese Wysheid 142

3.2.2 Prakties-TEOLOGIESE Wysheid 146

3.3 Narratiewe Navorsingsmetodologie 154

3.3.1 Metafore vir Navorsing 156

3.3.2 Kriteria vir Evaluasie van Navorsing 159

3.3.3 Uitgangspunte 161

3.3.4 Navorsingsraamwerk 167

3.4 Navorsingsetiek 177

3.4.1 Vrywillige en Ingeligte Toestemming 179

3.4.2 Geen benadeling 181

3.4.3 Anonimiteit en Vertroulikheid 182

3.4.4 Misleiding 184

3.4.5 Botsende Belange 185

3.4.6 Navorsingsverslag 186

3.4.7 Eienaarskap 187

3.4.8 Die Medenavorser(s) 189

3.4.9 Regverdigheid en Billikheid 190

3.4.10 Etiese doen van hierdie Navorsing 191

4 KONTEKS EN ERVARING 193

4.1 Konteks 193

4.1.1 Aotearoa/Nieu-Seeland 193

University of Pretoria etd – Reyneke, C J S (2005)

4.1.1.1 Nieu-Seeland se Verhaal - in Kort 194

4.1.1.2 Suid-Afrikaanse Indrukke van Nieu-Seeland 207

4.1.2 Hawera 221

4.1.3 Die Vermaak Gesin 225

4.1.4 Die Navorser se Konteks 227

4.2 Die Vermaak-verhaal (ervaring) 234

4.2.1 Die Draaipunt 234

4.2.2 Terugblik - na die Tyd voor Nieu-Seeland 237

4.2.3 Die Nuwe Land en al die Dinge... 246

4.2.4 Die Kuier in Suid-Afrika ..... na 'n Jaar in Nieu-Seeland 257

4.3 Interpretasie 261

4.3.1 'n Verhaal loop Vas 262

4.3.2 Oplossing vir 'n Vasgeloopte Verhaal 266

4.3.3 Herstrukturering van die Verlede ten einde 'n nuwe Toekoms te Konstrueer 267

5 INTERPRETASIETRADISIES 270

5.1 Van Patriotiese Suid-Afrikaners na Mense wat aansoek doen vir Verblyfreg in Nieu-Seeland 271

5.1.1 Suid-Afrikaners 272

5.1.2 Suid-Afrikaanse Nieu-Seelanders 273

5.2 Van toegewyde Gereformeerde lidmate tot lidmate van 'n Baptiste gemeente 275

5.2.1 Lidmate van die Gereformeerde Kerk 275

5.2.2 Lede van "Baptist Hawera" 277

5.3 Van 'n Positivistiese "Afrikaner" opvoeding van Kinders tot 'n nuwe Postmoderne opvoeding van Kinders 279

5.3.1 Kinders moet hulle Plek ken 279

5.3.2 Kiwi kinders met Suid-Afrikaanse ouers 280

5.4 Van 'n Huwelik wat van Eksterne emosionele Ondersteuningsnetwerke gebruik maak tot 'n Huwelik wat Selfonderhoudend is 282

5.4.1 Alles moet reg wees as Pa huistoe kom 283

5.4.2 Ons Twee is een 284

5.5 Van 'n Gesin met 'n Oorwerkte pa tot 'n Gesin wat Nader aan mekaar beweeg het. 284

5.5.1 As Broodwinner moet ek goed Voorsien 284

5.5.2 Wie jy Is vir jou Gesin is Belangrik 285

6 GOD SE TEENWOORDIGHEID 286

6.1 God as troue Bondgenoot 287

6.2 Dinamiese Verhouding met God 288

6.2.1 Wat God wil is Belangrik 288

6.2.1.1 God is Leidinggewend Teenwoordig 288

6.2.1.2 Die Woord as God se wil 290

6.2.2 God kom Nader 291

6.2.3 God se Dinamiese Roeping 292

6.3 Deel van die Liggaam van Christus 293

6.3.1 Ervaar God in 'n ander Deel van die Liggaam 293

6.3.2 God Teenwoordig in 'n ander Aanbiddingstyl 293

6.3.3 God se Teenwoordigheid waar Tradisies Saamvloei 294

7 INTERDISSIPLINêRE VERRYKING 296

7.1 Motivering vir Verhuising na Nieu-Seeland 296

7.2 Proses van Aanpassing in 'n Nuwe land 298

7.2.1 Eindes 299

7.2.1.1 Losmaking 299

7.2.1.2 Distansiëring 299

7.2.1.3 Ontnugtering 300

7.2.1.4 Disoriëntasie 302

7.2.2 Neutrale Sone 302

7.2.3 Nuwe Beginne 304

7.3 Moontlike Gevolge van 'n Oorsese Verhuising 306

7.3.1 Geestesgesondheid 306

7.3.2 Identiteitsprobleme 307

7.3.3 Nostalgie 309

7.3.4 Intergenerasiespanning 310

7.3.5 Opsommenderwys 310

8 WYER AS DIE NAVORSER EN DIE MEDENAVORSERS 311

8.1 Paradigmatiese Konteks 311

| | | |
|---|---|---|
| 8.1.1 | Postmodernisme se Invloed op ‘n Verhuising Oorsee | 311 |
| 8.1.2 | Sosiale Konstruksionisme maak Wêrelde oop | 312 |
| 8.2 | Prakties-teologiese Konteks | 313 |
| 8.3 | Oorsese Verhuising | 314 |
| 8.3.1 | Motivering vir die Verhuising | 314 |
| 8.3.2 | ‘n Nuwe Toekoms | 316 |
| 8.4 | Herinterpretasie en hervertel van ‘n Verhaal | 317 |
| 8.4.1 | Narratiewe Konsepte Help | 317 |
| 8.4.2 | Rol van Geloof | 318 |
| 8.4.3 | Balans tussen wat Was en wat Is | 319 |
| 8.5 | Navorsing in Oënskou geneem | 320 |
| 8.5.1 | Selfrefleksie | 320 |
| 8.5.2 | Betrokkenheid in ‘n Navorsingsgemeenskap | 321 |
| 8.5.3 | Voldoende gebruik van Beskikbare Bronne | 321 |
| 8.5.4 | Versmelting in Konteks | 321 |
| 8.5.5 | Nougesetheid | 322 |
| 8.5.6 | Opregtheid | 322 |
| 9 | BIBLIOGRAFIE | 324 |
| Addendum A | | 334 |